Munisipaliteit
Municipality
Umasipala

NOTULE VAN 'N GEWONE VERGADERING VAN DIE SWARTLAND MUNISIPALE RAAD, GEHOU IN DIE MALMESBURY BANKETSAAL OP DONDERDAG, 28 MAART 2019 OM 10:00

TEENWOORDIG:

Speaker, rdl M Rangasamy
Uitvoerende Burgemeester, rdh T van Essen
Uitvoerende Onderburgemeester, rdd M S I Goliath

Bekebu, Z (ANC)
Bess, D G (DA)
Daniels, C (DA)
De Beer, J M (DA)
Humphreys, F S (ANC)
Fortuin, C B (DA)
Maart, E S M (DA)
McQuire, V D (DA)
Philander, D B (ANC)
Penxa, B J (ANC)
Smit, N (DA)
Sneewe, A M (ANC)
Solomons, P E (DA)
Stanley, B J (DA)
Stemele, O M (DA)
Van der Westhuizen, R F (DA)
Van Zyl, M (DA)
Zatu, N S (ANC)

Beamptes:
Munisipale Bestuurder, mnr J J Scholtz
Direkteur: Finansiële Dienste, mnr M A C Bolton
Direkteur: Beskermingsdienste, mnr P A C Humphreys
Wnd Direkteur: Ontwikkelingsdienste, mnr A M Zaayman
Direkteur: Elektriese Ingenieursdienste, mnr R du Toit
Direkteur: Korporatiewe Dienste, me M S Terblanche
Siviele Ingenieur: Openbare Dienste, mnr J Venter
Bestuurder: Sekretariaat en Rekords, me N Brand

1. OPENING

Die Speaker versoek 'n oomblik van stilte in medelye met die groot lewensverliese die afgelope tyd tydens, onder andere, die sikloon-Idai in Mosambiek, die skietvoorval by die Christchurch Mosque in Nieu-Seeland, die Ethiopiese vliegramp en met die afsterwe van die moeder van die Direkteur: Elektriese Ingenieursdienste, mnr R du Toit.

Die Speaker open die vergadering met skriflesing en versoek rdl C B Fortuin om 'n gebed te doen.

Die Speaker rig 'n woord van verwelkoming aan die Uitvoerende Burgemeester, Uitvoerende Onderburgemeester, raadslede en amptenare en spesiaal aan lede van die media en die publiek.

Die Speaker dra sy gelukwense oor aan raadslede en beamptes wat gedurende Maart verjaar.

Rdl N S Zatu noem dat die Speaker gereël het dat die raadsdames en raadshere die raadsaal apart van die res van die raadslede binnekom in erkenning van die amp en versoek dat die reëling eerbiedig word.

2. VERLOF TOT AFWESIGHEID

Verlof tot afwesigheid word verleen aan rdl C H Papers, terwyl rdl L E Mfutwana afwesig is sonder verlof.

Die Speaker meld dat verskoning ontvang is vanaf die Kantoor van die Ouditeur-Generaal en die Minister van Plaaslike Regering met die oog op die bespreking van item 7.1 van die agenda.

3. VOORLEGGINGS/AFVAARDIGINGS/MEDEDELINGS DEUR AMPSDRAERS/BEAMPTES

Geen.

4. NOTULES VIR BEKRAGTIGING

4.1 NOTULE VAN 'N GEWONE RAADSVERGADERING GEHOU 31 JANUARIE 2019

BESLUIT
(op voorstel van rdl C B Fortuin, gesekondeer deur rdh R F van der Westhuizen)

Dat die notule van 'n Gewone Raadsvergadering gehou op 31 Januarie 2019 goedgekeur en deur die Speaker onderteken word, onderhewig aan die vervanging van

Item 7.1: Voorlegging van die konsep Jaarverslag: 2017/2018 finansiële jaar (7/1/1/1)

Paragraaf 9 van aanhef: Die Uitvoerende Burgemeester bevestig dat opdrag gegee is om regsaksies te loods teen die bevinding van die Kantoor van die Ouditeur-Generaal, en dat geen verdere uitgawes ten opsigte van koste-oorskrydings vir die 2018/2019 oudit soos aangegaan deur die Kantoor van die Ouditeur-Generaal uitbetaal sal word nie.

5. VERSLAGDOENING INSAKE GEDELEGEERDE BESLUITNEMING DEUR DIE UITVOERENDE BURGEMEESTER

BESLUIT

Dat kennis geneem word van die Uitvoerende Burgemeester se besluite ingevolge gedelegeerde bevoegdheid, soos vervat in die onderstaande notules:

5.1 NOTULE VAN 'N GEWONE VERGADERING VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE GEHOU 23 JANUARIE 2019

5.2 NOTULE VAN 'N SPESIALE VERGADERING VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE GEHOU OP 25 JANUARIE 2019

5.3 NOTULE VAN 'N GEWONE VERGADERING VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE GEHOU 20 FEBRUARIE 2019, saamgelees met

NOTULE VAN 'N VERGADERING VAN PORTEFEULJEKOMITEES GEHOU 13 FEBRUARIE 2019

6. VERSLAGDOENING INSAKE GEDELEGEERDE BESLUITNEMING DEUR DIE MUNISIPALE BESTUURDER

BESLUIT

Dat kennis geneem word van die Munisipale Bestuurder se besluite ingevolge gedelegeerde bevoegdheid, soos vervat in die onderstaande notules:

6.1 NOTULE VAN 'N BODBEOORDELINGSKOMITEE GEHOU 11 DESEMBER 2018

6.2 NOTULE VAN 'N BODBEOORDELINGSKOMITEE GEHOU 5 FEBRUARIE 2019

7. SAKE VIR BESPREKING

7.1 AANVAARDING VAN DIE OORSIGVERSLAG OP DIE 2017/2018 JAARVERSLAG (7/1/1/1)

Die Konsep Jaarverslag vir die 2017/2018 finansiële jaar is ingevolge artikel 127 van die Wet op Munisipale Finansiële Bestuur, 2003 op 31 Januarie 2019 aan die Raad voorgelê, waarna die Jaarverslag vir kommentaar aan die publiek en betrokke staatsorgane ter insae beskikbaar gestel is.

Rdl C B Fortuin, as voorsitter van die Publieke Verantwoordbaarheidskomitee (MPAC), lê die oorsigverslag (gesirkuleer met die sakelys) aan die Raad voor. Rdl Fortuin verwys spesifiek na die notule van die MPAC-vergadering gehou op 14 Maart 2019 waartydens

7.1/...

sekere aspekte in diepte bespreek was – onder andere – die laat indiening van die finansiële state, die gevolglike uitslag van die oudit deur die Kantoor van die Ouditeur-Generaal en die regsaksie deur Swartland Munisipaliteit teen die Kantoor van die Ouditeur-Generaal weens die onkonsekwente optrede deur laasgenoemde.

Die Oorsigverslag op die 2017/2018 Jaarverslag word deur die Speaker tot stemming gebring en deur die Raad (in die afwesigheid van twee raadslede) met 15 raadslede ten gunste daarvan, en ses raadslede wat buite stemming bly, beslis.

BESLUIT
(op voorstel van rdl C B Fortuin, gesekondeer deur rdl C Daniels)

(a) Dat die Raad, gegewe hy die 2017/2018 Jaarverslag van Munisipaliteit Swartland oorweeg het, die Oorsigverslag aanvaar in terme van artikel 129 van die Wet op Munisipale Finansiële Bestuur;

(b) Dat die 2017/2018 Jaarverslag van Munisipaliteit Swartland goedgekeur word sonder voorbehoud, in terme van artikel 129 van die MFMA;

(c) Dat die notules van vergaderings waar die Jaarverslag bespreek is in die teenwoordigheid van die rekenpligtige beampte (Munisipale Bestuurder), aan die Ouditeur-Generaal, die Provinsiale Tesourie en die Wes-Kaapse Departement van Plaaslike Regering voorgelê word, in terme van artikel 129(2) van die MFMA;

(d) Dat die 2017/2018 Oorsigverslag van Munisipaliteit Swartland openbaar gemaak word in terme van artikel 129(3) van die MFMA en aan die Wes-Kaapse Wetgewer voorgelê word in terme van artikel 132(2) van die MFMA.

7.2 TWEEDE HERSIENING VAN DIE 2017-2022 GEÏNTEGREERDE ONTWIKKELINGS-PLAN (GOP) EN AREAPLANNE (2/1/4/4/1)

Artikel 34(a) van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Stelsels, 2000 bepaal dat ’n munisipale raad sy GOP jaarliks moet hersien. Die hersiene GOP dien as basis vir die 2019/2020 jaarlikse begroting, die SDBIP en die prestasieplanne van die onderskeie direktorate.

Die Speaker gee geleentheid aan die Uitvoerende Burgemeester om die GOP aan die Raad voor te hou.

Die Speaker doen ’n beroep, na aanleiding van die kommentaar deur verskeie raadslede op die voorlegging van die Uitvoerende Burgemeesters, dat enige insette op die GOP skriftelik gedurende die publieke deelnameproses (voor/op 3 Mei 2019) aan die Munisipale Bestuurder gerig moet word.

Die aanbeveling voor die Raad word deur die Speaker tot stemming gebring en (in die afwesigheid van twee raadslede) beslis met 15 stemme ten gunste, en ses raadslede wat buite stemming bly.

BESLUIT
(op voorstel van rdh T van Essen, gesekondeer deur rdd M S I Goliath)

(a) Dat die tweede hersiening van die 2017-2022 Geïntegreerde Ontwikkelingsplan (GOP) asook die hersiening van die areaplanne as konsepplanne goedgekeur word, waarna ’n verdere konsultasie- en verfyningsproses gedurende April 2019 gevolg sal word;

(b) Dat die Speaker ‘n beroep op raadslede doen wat tydens die vergadering kommentaar gelewer het om die kommentaar op skrif stel om in ag te neem as insette en kommentaar ontvang gedurende die publieke deelnameproses (sluitingsdatum, 3 Mei 2019 om 12:00) vir oorweging met die finale hersiening van die 2017-2022 Geïntegreerde Ontwikkelingsplan.

7.3/...

7.3 MEERJARIGE KAPITAAL EN BEDRYFSBEGROTINGS, GEWYSIGDE BEGROTINGSVERWANTE BELEIDE, VERORDENING/E, EIENDOMSBELASTING, TARIEWE EN ANDER HEFFINGS VIR 2019/2020; 2020/2021 EN 2021/2022 VIR DOELEINDES VAN DIE PUBLIEKE DEELNAME PROSES SOOS PER DIE VEREISTES VAN DIE 'MFMA' INSLUITEND IN-BEGINSEL GOEDKEURING VIR DIE OPNEEM VAN 'N LANGTERMYN LENING VIR DIE GEDEELTELIKE BEFONDSING VAN DIE UITBREIDINGS BY DIE MOORREESBURG EN DARLING RIOOLWERKE (5/1/1/1, 5/1/1/2 (2019/2020, 5/1/4)

Die Uitvoerende Burgemeester, rdh T van Essen, hou die konsep Kapitaal- en Bedryfsbegrotings vir die 2019/2020, 2020/2021 en 2021/2022 finansiële jare aan die Raad voor soos oorweeg tydens 'n Uitvoerende Burgemeesterskomiteevergadering gehou op 20 Maart 2019.

Die Uitvoerende Burgemeester doen 'n beroep op die Munisipale Bestuurder om die moontlike korting vir deernishuishoudings op dienste, ondermeer die huur van sale, die aankoop en voorbereiding van grafte, te ondersoek.

Die Uitvoerende Burgemeester noem dat die Raad groter klem gaan lê in die eerskomende drie jaar op die volgende projekte:

- 'n Omvattende opvoedingsprogram in gemeenskappe om rommelstrooi te bekamp en kan/moet deel gemaak word van 'n vergroeningsprojek;
- Inisiatiewe om gemeenskappe in alle wyk te beveilig, onder andere, deur middel van die instelling van en ondersteuning aan straatkomitees.
- Aanplant bome as deel van RSEP.

Rdl C B Fortuin, met verwysing na die korrupsie, begunstiging en wanbestuur by ESKOM wat tans onder die soeklig van verskeie kommissies is, noem dat wanneer die Raad die begrotingsyfers oorweeg die nasionale konteks waarbinne dit geskied in ag geneem moet word. In hierdie opsig is die Raad se grootste inkomstebron die verkoop van elektrisiteit en die impak van gebeure by ESKOM gaan al hoe meer op plaaslike vlak impakteer.

Rdl C B Fortuin noem verder dat alhoewel Swartland Munisipaliteit tot op hede in die bevoorregte posisie was om die impak van gebeure by ESKOM te bestuur, daar in die toekoms gekyk sal moet word na alternatiewe bronne van inkomste generering.

Die aanbevelings voor die Raad word deur die Speaker tot stemming gebring (in die afwesigheid van twee raadslede) en word beslis met 15 raadslede ten gunste, en ses raadslede wat buite stemming bly.

BESLUIT (soos aanbeveel deur die Uitvoerende Burgemeesterskomiteevergadering gehou op 20 Maart 2019)
(op voorstel van rdh T van Essen, gesekondeer deur rdl P E Solomons)

(a) Dat die Raad kennis neem dat die kapitale koste soos beoog deur Artikel 19(2)(a)(b) van die MFMA verkry is na konsultasie met die onderskeie direkteur(e) wat die koste bevestig het soos per **(Annexure A, Section 1: 2019/2020 – 2021/2022 Capital Projects ito Sec 19)**;

(b) Dat die Raad voor die goedkeuring van die kapitaalprojekte bo R50 miljoen, soos gelys in **(Annexure B, Section 1: 2019/2020 – 2021/2022 Capital Projects ito Sec 19)**, eers die geprojekteerde koste wat alle finansiële jare dek totdat die projek in werking is en die toekomstige bedryfskoste en inkomste op die projek, met inbegrip van belasting- en tariefimplikasies oorweeg;

(c) Dat die Raad die befondsingsbronne oorweeg wat verband hou met die Raad se kapitaalprogram en daarop let dat die befondsingsbronne beskikbaar is en nie vir enige ander doeleindes geoormerk is nie;

Tabel/...

7.3(c)/...

FINANCING SOURCES	Draft Budget 2019/2020	Draft Budget 2020/2021	Draft Budget 2020/2021
External Loans	R 22 631 209	R 27 368 791	R -
Capital Replacement Reserve (CRR)	R 53 315 363	R 67 024 928	R 83 369 556
Municipal Infrastructure Grant (MIG)	R 21 301 000	R 22 285 000	R 23 700 000
Dept. Human Settlements	R 32 480 000	R 31 800 000	R -
Integrated National Electrification Programme	R 5 000 000	R 10 000 000	R 10 000 000
Dept. Cultural Affairs and Sport	R 370 000	R -	R -
RSEP / VPUU	R 4 000 000	R 2 000 000	R -
Community Safety Grant	R 10 000	R 10 000	R 10 000
Fire Service Capacity Building Grant	R -	R 841 000	R -
Energy Efficiency Demand Side Management	R 5 000 000	R 5 000 000	R 6 729 000
GRAND TOTAL	**R 144 107 572**	**R 166 329 719**	**R 123 808 556**

(d) Dat die Raad dit toepaslik geag het om die totale kapitaalprogram te oorweeg, uitgesluit die twee (2) individuele projekte bo R50 miljoen, aangesien die voorgenoemde kapitaalprogram se operasionele koste, ingesluit die toekomstige koste wat gedek word deur belasting en die normale kostesentrums soos in die bedryfsbegroting;

(e) Dat die Raad daarop let dat die opgradering van beide die Moorreesburg- en Darling Rioolsuiweringswerke ‘n impak gaan hê op die buite jare, dit is vanaf die 2022/2023 finansiële jaar en verder en daarom word die proses soos voorgeskryf in Artikel 33 van die MFMA vereis voor finale goedkeuring in Mei 2019;

(f) Dat die Raad die kapitaalprojekte as deel van die gekonsolideerde kapitaalprogram goedkeur soos per **(Annexure A, Section 1: 2019/2020 – 2021/2022 Draft Budget and Tariff File)**;

(g) Dat die konsep meerjarige Kapitaal- en Bedryfsbegrotings ten opsigte van die 2019/2020 tot 2021/2021 finansiële jare goedgekeur word in ooreenstemming met artikel 16, 17 en 19 van die MFMA om publieke deelname toe te laat:

	Oorspronklike Begroting 2018/2019	Aansuiwerings begroting 2018/2019	Konsep Begroting 2019/2020	Konsep Begroting 2020/2021	Konsep Begroting 2021/2022
Kapitaalbegroting	87 245 909	98 785 331	144 107 572	166 329 719	123 808 556
Bedryfsuitgawes	698 278 426	693 672 465	747 413 724	787 878 112	871 723 962
Operating Revenue	746 205 036	761 793 817	829 366 279	904 995 541	950 674 505
Begrote (Surplus)/ Tekort	**(47 926 610)**	**(68 121 352)**	**(81 952 555)**	**(117 117 429)**	**(78 950 543)**
Minus: Kapitaal Toekennings	36 975 000	51 972 114	68 161 000	71 936 000	40 439 000
(Surplus)/ Tekort	**(10 951 610)**	**(16 149 238)**	**(13 791 555)**	**(45 181 429)**	**(38 511 543)**

(h) Dat die Raad in beginsel die opneem van 'n eksterne lening tot ‘n bedrag van R50 miljoen goedkeur vir die gedeeltelike finansiering van die Moorreesburg- en Darling Rioolsuiweringswerke in die meerjarige kapitaalbegroting vir 2019/2020 tot 2020/2021 finansiële jare, deur die mark te toets soos beoog deur Artikel 46 van die MFMA vir die versoek van tenders van die finansiële instellings (verwys asseblief na die impak soos vervat in die skedules vir die voorgestelde lening vir doeleindes van publieke advertering en finale goedkeuring in Mei 2019) **Annexure A, Section 2: 2019/2020 – 2021/2022 Draft Budget and Tariff File**;

7.3/...

(i) Dat in beginsel goedkeuring verleen word aan die Direkteur: Finansiële Dienste om die mark te toets vir doeleindes om uitvoering te gee aan Artikel 46 van die MFMA ten opsigte van die oopneem van ‘n kapitale lening tot ‘n bedrag van R50 miljoen vir die spesifieke doel om die voormelde rioolsuiweringswerke gedeeltelik te finansier;

(j) Dat die Raad die eiendomsbelastingtariewe vir die 2019/2020 finansiële jaar goedkeur soos onder gelys en in die belastingbeleid vir doeleindes van publiek deelname:

Property Categories	**Tariff (c/R)**
Residential properties	.006490
Vacant land	.008580
Industrial properties	.008580
Business and commercial properties	.008580
Agricultural properties (used for agricultural purposes)	.001623
Agricultural properties used for eco-tourism	.008580
Agricultural properties used for trading in or hunting of game	.008580
Mining properties	.008580
Properties owned by an organ of state and used for public service purposes	.008580
Public service infrastructure	.000000
Properties owned by public benefit organisations: (i) welfare and humanitarian organisations; (ii) cultural organisations; (iii) sporting organisations; (iv) conservation, environmental and animal welfare organisations; (v) healthcare organisations; and (vi) education and development	.008580
Properties used for multiple purposes	Differential rate
Properties in rural area zoned for business or in respect of which consent uses have been approved in terms of the municipality’s zoning scheme regulations	.008580
Municipal properties	.000000
Informal settlements, including those on land which are not subdivided into residential ervens	.006490
Property acquired through the Provision of Land and Assistance Act, 1993 (126 of 1993) or the Restitution of Land Rights Act, 1994 (Act 22 of 1994) or Communal Property Association Act, 1996	Either .008580 or .006490, depending on use
Conservation areas	.000000
Protected areas (excluding residential and other properties)	.000000
National monuments	.000000
State owned properties	.008580

(k) Dat die afslag aan gestremde persone en senior burgers soos omskryf word in die Eiendomsbelastingbeleid beperk word tot 'n maksimum van R300 000 vir die 2020/2021 finansiële jaar onderhewig aan ‘n aansoek in die voorgeskrewe formaat soos per die voorskrifte van tyd tot tyd deur die Hoof Finansiele Beampte bepaal;

7.3/...

(l) Dat die Raad die tariefstrukture en heffings vir water, elektrisiteit, vullisverwydering, riool en ander diverse heffings soos uiteengesit in **(Annexure A: 2019/2020 – 2021/2022 Draft Budget and Tariff File)** goedgekeur word met die doel om publieke deelname toe te laat;

(m) Dat die Raad die voorgestelde elektrisiteitstariewe as konsep vir die 2019/2020 finansiële jaar goedkeur, met inagneming dat dit onderhewig is aan finale goedkeuring deur NERSA;

(n) Dat die jaarlikse begrotingstabelle soos vereis deur die Begrotings- en Rapporteringsregulasies en uiteengesit is in **(Annexure C: Budget Report and A-Schedules 2019/2020 – 2021/2022)** goedgekeur word **insluitend** die regstellings op die 2018/2019 aansuiweringsbegroting tabelle as gevolg van herklassifikasie veranderings;

(o) Dat die konsep gewysigde begrotingsverwante beleide, die konsep gewysigde Kredietbeheer- en Skuldinvorderingsverordening en –Beleid en die konsep gewysigde Eiendomsbelastingsverordeing en -Beleid soos vervat in **(Annexure D: Draft Budget Related Policies and By-Laws 2019/2020)**, goedgekeur word vir doeleindes van publieke deelname;

(p) Dat die opleidingsbegroting beperk is tot 0,83% van die salarisbegroting ten bedrae van R1 775 494 vir die 2019/2020 finansiële jaar as konsep goedgekeur word;

(q) Dat die Raad kennis neem en goedkeuring verleen vir die volgende verhogings naamlik:

- Ten opsigte van alle personeel, 'n verhoging van **6.5%** vir 2019/2020; **6.25%** vir die 2020/2021 en **6%** vir 2021/2022 finansiële jare onderskeidelik, uitgesluit die toename in ander voordele wat van toepassing is en die jaarlikse 2,5% kerfverhoging;
- Ten opsigte van die ander artikel 56-aanstellings (uitgesluit Munisipale Bestuurder, Hoof Finansiele Beampte en Direkteur: Siviele Dienste) ‘n **6.5%** verhoging met ingang van 1 Julie 2019;

- Voorsiening is gemaak vir 'n **5%** verhoging vir politieke ampsdraers wat val binne die boonste band van die inflasieteikens soos bepaal deur die Suid-Afrikaanse Reserwebank (SARB).

(r) Dat die Raad spesifiek kennis neem van die feit dat bestuur in die proses is om beide die finansiele en diensleweringsimpakte te oorweeg wat die Arbeidsverhoudinge Wet op kontrakaanstellings het, waarvan die uitkoms tydens die finale goedkeuring in Mei 2019 oorweeg sal word in sovêr dit die salarisrekening beïnvloed;

(s) Dat die Raad kennis neem van die begrote bedryfsurplusse, die totale groei in uitgawes van **7.7%** vanaf die huidige tot die nuwe finansiële jaar hoofsaaklik as gevolg van die verwagte hoë verhoging in elektrisiteits grootmaat aankope en groei in inkomste van slegs **8.9%** vir die MTREF periode, sowel as die kontantvloei-staat soos per **(A-schedule: A7 en SA8)** vir die huidige sowel as die volgende drie finansiële jare en meer spesifiek die vordering in hierdie verband;

- die risikofaktor vir kontantdekking vir bedryfsuitgawes is **11 maande** vir 2019/2020 en 2020/2021 finansiële jare en vir 2021/22 is dit **10.5 maande**;

- oor die volgende drie finansiële jare is die beplanning van so ‘n aard dat die volgende bedryfsurplusse verwag word – 2019/2020 ‘n bedrag van **R 81 952 555**; 2020/202 ‘n bedrag van **R 117 117 429** en 2020/2021 ‘n bedrag van
  R 78 950 541 (kapitale toekennings ingesluit);

- oor die volgende drie finansiële jare is die beplanning van so ‘n aard dat die volgende bedryfsurplusse verwag word – 2019/2020 ‘n bedrag van **R 13 791 555**; 2020/202 ‘n bedrag van **R 45 181 429** en 2020/2021 ‘n bedrag van
  R 38 511 541 (kapitale toekennings uitgesluit);

7.3/...

(t) Dat die Direkteur: Finansiële Dienste voldoen aan die vereistes van die Begrotingsomsendbriewe en –formate in die konteks van die verslagdoeningsvereistes aan Provinsiale en Nasionale Tesourie;

(u) Dat die Raad kennis neem dat die begroting ook opgestel is in die nuwe mSCOA Weergawe 6.3 soos vereis deur Nasionale Tesourie;

(v) Dat die proses van publieke deelname vir doeleindes van insette en kommentaar op die konsep gewysigde begroting en verwante dokumente op 3 Mei 2019 teen 12 voormiddag sluit.

7.4 KONSEP 2019/2020 DIENSLEWERING- EN BEGROTINGIMPLEMENTERINGSPLAN (SDBIP) (2/1/4/4/1)

Die konsep 2019/2020 Dienslewering- en Begrotingimplementeringsplan (SDBIP) word deur die Uitvoerende Burgemeester aan die Raad voorgehou.

Die voorlegging van die SDBIP geskied ingevolge regulasies 14 en 15 van die *Municipal Budget and Reporting Regulations*.

BESLUIT
(op voorstel van rdh T van Essen, gesekondeer deur rdl E S M Maart)

(a) Dat die aangehegte konsep 2019/2020 Dienslewering- en Begroting-implementeringsplan (SDBIP) goedgekeur word vir die doeleindes van beoordeling van die begroting deur Nasionale en Provinsiale Tesourie.

7.5 AANVAARDING VAN DIE VERORDENING INSAKE OPENBARE OORLASTE (1/1)

Die konsep verordening is op 31 Januarie 2019 aan die Raad voorgelê met die doel om ‘n aanvang te neem met die publieke deelnameproses.

Die konsep verordening is geadverteer vir insette/kommentaar vanaf 5 Februarie tot 8 Maart 2019. Waardevolle insette is ontvang vanaf die Yzerfontein Inwonersvereniging en me E Lewis wat oorweeg is vir insluiting in die verordening.

Die oogmerk van die verordening is om ‘n veilige en gesonde omgewing vir alle inwoners in die Swartland munisipale area te bied.

Die voorgestelde verordening is met die sakelys gesirkuleer en word deur die Speaker tot stemming gebring en beslis (in die afwesigheid van twee raadslede) met 15 raadslede ten gunste van die aanvaarding van die Verordening insake Openbare Oorlaste en ses raadslede wat buite stemming bly.

BESLUIT
(op voorstel van rdd M van Zyl, gesekondeer deur rdl N Smit)

(a) Dat daar met waardering kennis geneem word van die opbouende insette wat van die publiek ontvang is op die konsep verordening;

(b) Dat die Verordening insake Openbare Oorlaste aanvaar word, met wysigings soos voorgehou;

(c) Dat die verordening in die Provinsiale Koerant afgekondig word vir inwerkingtreding vanaf datum van publikasie in die Provinsiale Koerant.

7.6 AANBEVELING INSAKE DIE WYSIGING VAN DIE ORGANISATORIESE STRUKTUUR VAN DIE DEPARTEMENTE ELEKTRIESE INGENIEURS- EN BESKERMINGSDIENSTE (2/3)

Artikel 66 van die Munisipale Stelsels Wysigingswet, 2011 bepaal dat die munisipale bestuurder verantwoordelik is vir die ontwikkeling van ’n organisatoriese struktuur vir goedkeuring deur die munisipale raad.

7.6/...

Die wysigings aan die organisatoriese struktuur word volledig toegelig in die verslag tot die sakelys, onder andere, dat die organisatoriese struktuur voorsiening moet maak vir die vestiging van ’n K9-honde-eenheid.

BESLUIT
(op voorstel van rdl N Smit, gesekondeer deur rdl D G Bess)

Dat die Raad die wysigings van die Organisatoriese Struktuur van die Departement: Elektriese Ingenieursdienste en die Departement: Beskermingsdienste goedkeur vir implementering met ingang van 1 April 2019.

7.7 VERLENGING VAN AANSTELLING VAN WAARNEMENDE DIREKTEUR: ONTWIKKELINGSDIENSTE (4/3/2/1)

[Die waarnemende Direkteur: Ontwikkelingsdienste verlaat die lokaal vir die bespreking van die item.]

Die Raad het goedkeuring verleen vir die aanstelling van, mnr A M Zaayman, as Waarnemende Direkteur: Ontwikkelingsdienste vir ’n tydperk van drie maande met ingang van 1 Januarie 2019.

Die Munisipale Bestuurder bevestig dat die pos van die Direkteur: Ontwikkelingsdienste steeds vakant is en daarom is dit nodig om die tydperk van waarneming ingevolge Artikel 56(1)(c) van die Munisipale Stelselswet met ’n verdere drie maande te verleng. Die Munisipale Bestuurder noem dat dienooreenkomstige goedkeuring vanaf die Minister van Plaaslike Regering verkry moet word.

Met die terugkeer van, mnr A M Zaayman, tot die raadsaal bedank die Munisipale Bestuurder mnr Zaayman vir sy onbaatsugtige diens gelewer as waarnemende direkteur gedurende die tydperk van waarneming.

BESLUIT
(op voorstel van rdl O M Stemele, gesekondeer deur rdl J M de Beer)

Dat, mnr A M Zaayman, ingevolge Artikel 56(1)(c) van die Munisipale Stelselswet (Wet 32 van 2000) met ingang vanaf 1 April 2019 as Waarnemende Direkteur: Ontwikkelingsdienste aangestel word vir óf ‘n verdere periode wat nie drie maande sal oorskry nie óf totdat die nuwe Direkteur: Ontwikkelingsdienste aangestel word.

7.8 VOORGESTELDE VERVREEMDING VAN MUNISIPALE ONROERENDE EIENDOMME (RESIDENSIëLE EIENDOMME) TE ABBOTSDALE (12/2/5/4-1/2)

Die vyf erwe soos voorgehou in die verslag tot die sakelys vorm deel van 13 residensiële erwe wat gedurende 2005 ontwikkel is en gedurende 2006 by wyse van ‘n openbare veiling aan eerste huiseienaars beskikbaar gestel is.

Daar is onlangs belangstelling getoon in die oorblywende vyf erwe en word voorgestel dat die eiendomme by wyse van ‘n openbare tender beskikbaar gestel word.

BESLUIT
(op voorstel van rdl D B Philander, gesekondeer deur rdl O M Stemele)

(a) Dat die Raad in beginsel goedkeuring verleen in terme van Artikel 14 van die Wet op Munisipale Finansiële Bestuur, 2003 en die Verordening en Beleid insake Oordrag van Munisipale Bates dat finansiële aanbiedinge (slegs vanaf natuurlike persone) by wyse van openbare tender gevra word vir die vervreemding van die volgende vakante onroerende (residensiële) eiendomme in Boltneystraat, Abbotsdale:

Erf #	**Grootte**
Erf 795	599 m²
Erf 796	597 m²
Erf 800	605 m²
Erf 803	609 m²
Erf 805	601 m²

7.8/...

(b) Dat kennis geneem word dat die eiendomme wat te koop aangebied staan te word uit die staanspoor vir vervreemding as residensiële eiendomme geïdentifiseer is in terme van die sonering daarvan en in geen stadium vir die verskaffing van ‘n minimum of enige ander vlak van basiese munisipale dienste geoormerk is nie;

(c) Dat die reserwepryse (BTW uitgesluit) vir die eiendomme gevolglik vasgestel word soos volg, welke reserwepryse deur die Raad geag word die markwaarde daarvan billik te reflekteer:

Erf #	**Reserweprys, BTW uitgesluit**
Erf 795	R55 500,00
Erf 796	R55 500,00
Erf 800	R56 000,00
Erf 803	R56 000,00
Erf 805	R55 500,00

(d) Dat die voorneme van die Raad om die eiendomme by wyse van publieke mededinging te koop aan te bied, vir kommentaar en/of besware geadverteer word;

(e) Dat volmag verleen word

(i) aan die Uitvoerende Burgemeesterskomitee om

- te handel met enige kommentaar en/of beswaar wat in verband met die voorgenome transaksies ontvang word; en om
- die aanbiedinge wat ontvang word vir die eiendomme te oorweeg vir aanvaarding al dan nie, en om ‘n besluit te finaliseer rakende die oordrag van die bates;

(ii) aan die Direkteur: Korporatiewe Dienste om die voorwaardes van verkoop vir tenderdoeleindes te finaliseer in oorlegpleging met al die tersaaklike interne rolspelers, asook die raadsprokureur;

(f) Dat goedkeuring verder verleen word dat indien bogemelde eiendomme onverkoop bly na afloop van die betrokke mededingende proses, dit uit-die-hand-uit op ‘n ‘first come first served’ basis verkoop mag word teen die reserwepryse soos voormeld, onderhewig daaraan dat die Munisipaliteit sy voorneme om die eiendomme vanaf ‘n gegewe datum uit-die-hand-uit te verkoop, bekend sal maak, en met dien verstande dat die verkope van sodanige eiendomme beperk sal word tot hoogstens een erf per koper en dat die reservering van eiendomme vir ‘n bepaalde koper beperk sal word tot ‘n periode van hoogstens een kalendermaand.

GETEKEN:
SPEAKER